GrysKrag GreyPower

Nuusbrief

Newsletter

Aug /Sept /Okt

Aug /Sept /Oct

2015

Volume 3, No. 6

INSIDE THIS ISSUE:

Operasie misdaadvry	1
7 habits of financially healthy retirees	1
Is jy vasgevang in 'n vakansieklub?	2
Hulp vir seniors met praktiese probleme	2
Okt: wêreldwye seniorsmaand	2
Gryskrag se koopkaart	3
Ageing directors	3
Group scheme for GreyPower members	3
Die onbekende van Gogh	4

OPERASIE MISDAADVRY

AfriForum het die naweek van 3 en 4 Oktober 2015 sowat 3000 mense gekoördineer in die grootste gesamentlike operasie teen misdaad nóg in Suid-Afrika.

Die burgerregte-organisasie se inisiatief, Operasie Misdaadvry, is deur 52 AfriForum-buurtwagte, 29 outonome buurtwagte, 30 , gemeenskapspolisiëring-forums, 6 gemeenskapsorganisasies en 11 sekuriteitsmaatskappye uitgevoer. Die polisie het ook baie goeie samewerking op grondvlak verskaf.

Volgens mnr Ian Cameron, AfriForum se hoof van gemeekapsveiligheid is Operasie Misdaadvry 'n bewys dat gemeenskappe die vermoë het om hulself beter te kan beveilig. Sigbare polisiëring is die sleutel tot sukses en misdaadvrye gebiede.

Cameron het gesê in totaal het bykans 130 strukture aan die operasie deelgeneem, wat herlei kan word tot 8 419 manure. Sowat 61 115km is tydens patrollies afgelê. Saam met die aantal manure is die operasiewaarde ongeveer R500 000. Altesaam 38 mense is vir nie-ernstige misdrywe in hegtenis geneem.

In gebiede waar daar gepatrolleer is, was geen ernstige misdade gepleeg nie. Dit dui daarop dat die patrollies en gemeenskapsingryping suksesvol was.

Cameron het verduidelik dat na aanleiding van die stygende misdaadstatistieke asook die moordkoers in Suid-Afrika, daar weer soortgelyke inisiatiewe in die toekoms van stapel gestuur sal word om al hoe meer gemeenskappe op meer gereelde grondslag te beveilig.

Die operasie vorm deel van AfriForum se 10 Dae van Selfstandigheidsveldtog wat die lewering van munisipaledienste in dorpe regoor Suid-Afrika behels.

7 HABITS OF FINANCIALLY HEALTHY RETIREES

Start early: Well-to-do retirees save **33.2** years the rest save for about 28 years.

Save as much as possible: Financially healthy retirees save **8%** (excluding employees contribution) of their salary, the average is only 7.2%.

Don't rely on the company: 37% of financially comfortable retirees have a retirement annuity on top of their company's pension fund.

Widen your nets: 98% of well-off retirees have an extra source of income compared to 68% on average.

Leave your savings alone:

Only **12%** of well-offs dipped into retirement savings when they switched job—21% on average did.

Use the pros: 58% consulted a financial adviser before retirement and 34% after retirement.

Make sure your money grows: 48% of well-to-dos have a guaranteed escalation annuity. 20% have a level annuity.

Source: www.sanlambenchmark.co.za

IS JY VASGEVANG IN 'N VAKANSIEKLUB?

Vakansieklubs

Lede van vakansieklubs sal eersdaags hoor of hulle uiteindelik van hulle kontrakte ontslae sal kan raak.

Luidens 'n verklaring deur adv Anton Alberts, die VF+ se parlementêre woordvoerder oor handel en nywerheid, sal die saak voor die verbruikertribunaal teen die Univisiongroep na verwagting in November beslis word en die een teen die Club Leisuregroep vroeg volgende jaar.

Die Nasionale Verbruikerskommissie (NVK) het aansoeke teen dié twee groot vakansieklubgroepe by die tribunaal ingedien en vra dat die puntestelsel waarop die klubs gegrond is, tot 'n onwettige skema verklaar word. Alle sodanige kontrakte sal dan ongeldig wees.

Indien die versoek nie slaag nie, vra die kommissie dat kontrakte met ewigdurende klousules as onwettig verklaar word.

Die puntestelsel, in teenstelling met stelsels geskoei op tyddeel en 'n deeltitelgrondslag, wat albei deur wetgewing gereguleer word, is 'n onwettige skema ingevolge die Wet op Verbruikersbeskerming. Dit beteken dat mense wat sukkel om die kontrakte se heffings te betaal, nie meer daaraan gebind sal wees nie. Vakansieklublede wat probleme met hul lidmaatskap het kan self by die NVK aansoek doen om hul saak te bereg.

HULP VIR SENIORS MET PRAKTIESE PROBLEME

Rian Swiegers van Pretoria het hulp en raad vir seniors wat voor alledaagse praktiese probleme te staan kom.

Ouer mense, veral dié wat alleen woon of ver van hulle kinders is, word dikwels opgesaal met probleme waarvoor hulle nie oplossings het nie—van vervoer of verhuising op hulle eie tot 'n skildery in die huis ophang.

Wat?

Hy self is 'n senior en het begrip vir seniors se behoeftes en het sy diensleweringsinstansie **Netwerk 65** begin om die volgende dienste aan mense in die Ooste van Pretoria te lewer: Hulp met huishoudelike take; vervoerprobleme; persoonlike finansies, soos bv. belasting en begroting; hulp met verhuising; verkoop van meubilement en troeteldierversorging.

Hoe?

'n Persoon kan hom skakel en sodra daar ooreengekom is oor die pad vorentoe, sal hy die nodige uitvoering daaraan gee. Fooie word bereken teen R200 per uur en vervoer is R3 per km.

Kontak Rian by 083 226 6861

OKTOBER: WÊRELDWYE SENIORSMAAND

Die eerste dag van Oktober word wêreldwyd as dag vir bejaardes beskou. In Suid-Afrika en party ander lande word die hele Oktober as seniorsmaand gevier. Spesiale aftree-ekspo's, feestelikhede en seminare konsentreer gedurende Oktober op seniorsaangeleenthede.

Hoe vergelyk die posisie van ouere persone in Suid-Afrika met dié in ander lande? Help Age International is 'n organisasie wat ouere persone help om hulle regte op te eis en armoede te oorkom. Die organisasie het verlede jaar 'n verslag *Global Age Watch Index 2014* gepubliseer. Daarvolgens is Suid-Afrika 80ste op die wêreldranglys van 96 lande wanneer dit by die omsien na bejaardes kom. Suid-Afrika vertoon redelik op die lys wanneer dit oor onderwyspeil gaan, maar presteer egter sleg sover dit veiligheid van ouere persone betref. Ook wat gesondheidsaangeleenthede betref, is daar nog groot uitdagings vir Suid-Afrika sover dit oueres aangaan.

GRYSKRAG SE SENIORSKOOPKAART NOU IN WERKING

GrysKrag se nuwe koopkaart spesiaal vir GrysKraglede is nou 'n werklikheid. Die seniors-koopkaart is vanaf 1 Augustus 2015 in werking en belangstellendes kan nou hieroor met GrysKrag in verbinding tree.

GrysKrag, as landwye vereniging vir afgetredenes en Koopkrag, 'n geregistreerde finansiële dienstelewer aar wat reeds 75 jaar bestaan, het saamgespan om'n nuwe krediet– koopkaart daar te stel, wat met die behoeftes van seniors wil rekening hou.

Daar is reeds meer as 5000 winkels en dienstelewer aars landwyd waar seniors besigheid kan doen met hierdie nuwe kaart. Gebruikers van die kaart kry jaarliks 'n kontantbonus as 'n lekker terugbetaling as hulle hul maandelikse rekenings gereeld betyds betaal het.

Lenings vir motorfinansiering , persoonlike lenings en korttermyn-versekering kan verder ook deur hierdie skema verkry word. In die volgende nuusbrief vertel ons u meer van die bekendste winkelgroepe wat by die skema ingeskakel is. Belangstellende seniors kan direk met Martie Squier van GrysKrag in verbinding tree, wat dan hulle besonderhede aan Koopkrag sal deurgee.

Martie Squier: 071 7372 549 of 012 3483087 of info@gryskrag.co.za

Seniorskoopkaart van GrysKrag

AGEING DIRECTORS HOLD ONTO SEATS FOR LONGER

The one place in business where executives don't have to worry about being judged to old is the boardroom—if they are lucky to get a seat.

A new report from Ernst and Young's Center for Board Matters shows that almost 20% of Board Members are older than 68 and have served for more than a decade." People are living longer and is healthier, but having a directorship shouldn't be a paid job which requires little or no effort" says Charles Elson, the director of the John L Weinberg Centre for Corporate Governance.

The boards of some organisations are ageing, and retirement age is set at 75 or even older. One company that has most famously benefited from veterans is Berkshire Hathaway, which has five directors in their 80's and 90's– including 84 year-old Warren Buffett.

Although ageing directors bring experience, knowledge and stability, their sticking around for longer than ever means that fewer seats can open up for candidates more familiar with the latest technology, social media and changes in consumer tastes. The experience that comes with age sometimes trumps knowledge of new trends. The number of older directors is likely to grow as many companies limit their top executives to one outside directorship. With fewer working executives available, boards are relying on retired ones more.

Warren Buffett from Berkshire Hathaway

GROUP SCHEME FOR MEMBERS OF GREYPOWER

As a GreyPower member you have spent a greater part of your life-time taking care of your children and family. In honour of GreyPower's commitment to help take care of you, we have partnered with **AVBOB** to provide a Group Funeral Insurance policy for members of GreyPower. As a member of GreyPower, you can join the funeral insurance group scheme and obtain funeral cover at a highly affordable rate.

Benefit Structure:

Plan A: R10.000; R33.07 pm

Plan B: R10.000 Main member
R10.000 Spouse;R66.15 pm

Plan C: R15.000; R50.22 pm

Plan D: Main member R15.000
Spouse: R15.000; R100.45pm

Funeral cover can also be bought for own or legally adopted children. Apply today and have peace of mind that your funeral insurance needs and burial service are taken care of.

Contact Martie Squier: 012 3483087 or 0717372549 or at info@gryskrag.co.za

GrysKrag GreyPower

Address
2de Vloer/2nd Floor
318 The Hillside
Lynnwood, PRETORIA

Phone
(012) 348 - 3087
Fax:
(012) 348 - 5644
E-mail
GreyPower
plus50@plus50.co.za
Editor
Martie Squier at:
info@gryskrag.co.za

GreyPower as an Association

GreyPower is a country-wide non-profit organisation that was founded in 1995. It is a service and goodwill association for persons of fifty years and older as well as for those who are unemployed due to early retirement.

Vision and Mission

The vision of GreyPower is to actively promote and develop the dignity, quality of life and social security of its members in order to enable them to continue functioning as participating responsible and active members of their communities.

The mission of GreyPower is to keep its members informed about developments that affect their interests and to support them through specialized information and guidance to enable them to handle their personal interests effectively.

WOULD YOU LIKE TO JOIN GREYPOWER? CONTACT US NOW!

BOEKAANKONDIGING



Chris Schoeman

Titel: Die onbekende Van Gogh

Outeur: Chris Schoeman

Prys: R230

Datum: Julie 2015

Uitgewer: Zebra Press

Resensie: Daar is al baie geskryf oor Vincent van Gogh en sy onstuimige verhouding met sy broer Theo. Maar min mense weet dat daar 'n derde van Gogh broer was, Cornelis, wat in Nederland grootgeword het, maar in Suid-Afrika gewerk en gesterf het.

Cornelis, die seun van 'n protestantse predikant, het sy jeugjare in verskeie Nederlandse dorpies deurgebring. Daar het hy en sy kunstenaarsbroer gedurende idilliese vakansies saam in die platteland gaan stap, voordat die van Goghgesin deur teenspoed en tragedies oorval is.

Die 22 jarige Cornelis (ook bekend as Cor) het in 1889 na Suid-Afrika toe gekom en as ingenieur by die goudmyne en later by die spoorweë gewerk.

Tydens die Anglo-Boereoorlog het hy hom by die boere geskaar: eers as 'n spoorwegingenieur en later as lid van 'n kommando in die Vrystaat, waar hy op dieselfde tragiese wyse as sy beroemde broer gesterf het.

Die *Onbekende Van Gogh* laat herleef Suid-Afrika in die stormagtige laaste dekade van die negentiede eeu; vertel die persoonlike verhaal van 'n jong uitlander soos onthul in briewe en ander argiefstukke; en werp lig op sy verhouding met sy beroemde broer Vincent. Hierdie boek bied nuwe insigte wat op oorspronklike navorsing gegrond is en lig die sluier oor 'n figuur wat deur die geskiedenis vergeet is.